

BOETES VIR UITSTAANDE MAATSKAPPYE INKOMSTEBELASTING SAL BINNEKORT INTREE

Pretoria, 29 November 2018 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) sal binnekort administratiewe nie-nakomingsboetes ophef vir uitstaande maatskappye inkomstebelasting (MIB) opgawes.

Administratiewe nie-nakomingsboetes sal gehef word op maatskappye wat versuim om inkomstebelastingopgawes in te dien soos vereis ingevolge die Wet op Inkomstebelasting, 1962, vir jare van aanslag wat eindig gedurende die 2009 en daaropvolgende kalenderjare, waar SARS 'n finale aanmaning aan sodanige maatskappy uitgereik het en waar die maatskappy versuim om die uitstaande opgawe binne 21 werksdae van ontvangs van die finale aanmaning in te dien.

Boetes van R250 tot R16 000 kan gehef word, afhange die maatskappy se aangeslane verlies of belasbare inkomste, vir elke uitstaande opgawe en sal verhoog met dieselfde bedrag vir elke maand wat die nie-nakoming voortgaan nadat die eerste boete opgehef is. Dit is ooreenstemmig hoofstuk 15 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011.

Dit is verpligtend vir alle geregistreerde maatskappye - klein of groot - om hulle inkomstebelastingopgawes binne 12 maande na die einde van die maatskappy se finansiële jaar in te dien. Dit kan op eFiling gedoen word.

Maatskappye inkomstebelasting (MIB) is betaalbaar deur maatskappye inwonend in Suid-Afrika, maatskappye wat inkomste genereer of 'n kapitaalwinst/verlies in Suid-Afrika het, of wat 'n permanente instelling (tak) in Suid-Afrika handhaaf.

Belangrik, rustende maatskappye - byvoorbeeld, geregistreerde maatskappye wat geen ontvangste of bates het nie - word ook vereis om opgawes, uitstaande voor 2018, in te dien om boetes te vermy.

SARS sal boetes oplê by wyse van 'n boete-aanslag wat, indien nie betaal nie, deur skuldinvorderingstappe gevolg sal word. 'n Maatskappy kan SARS om kwytskelding van die boete vra en, indien nie toegestaan nie, het die maatskappy die reg om 'n beswaar aanhangig te maak op eFiling, teen die besluit om nie die kwytskelding toe te staan nie.

Maatskappye wat meer inligting vereis, word aangemoedig om die SARS-webtuiste te besoek vir nuwe ontwikkelinge op die [MIB-webblad](#). Belastingpligtiges kan ook die SARS-kontaksentrum skakel by 0800 00 7277.